

TAKVERGADERINGS 2009

17 Januarie 2009

Tydens die Algemene Jaarvergadering is die volgende bestuur verkies:

Voorsitter: Andrew Kok
Ondervoorsitter: David de Klerk
Sekretaresse: Ria van den Heever
Tesourier: Glenda Raad
Begraafplaasprojek: Wanda Botes
Addisionele lid – Skakeling en uitstallings: Mariana Olivier
Addisionele lid – Biblioteek: Simone Kay
Addisionele lid – Tegnologie: Erik Eloff
Addisionele lid – Algemeen: Eugene du Toit



14 Februarie 2009

Takvoorsitter, Andrew Kok het 'n aanbieding gedoen oor die gebruik van rekenars in genealogiese navorsing. Hy het kortliks vertel oor die ontwikkeling van die Internet, tipiese bronne wat intyds beskikbaar is en hoe genealogiese sagteware gebruik kan word om navorsing te sistematiseer.


14 Maart 2009

Simone Kay het bandopnames voorgespeel oor vertelling van die ABO deur Lebau du Plessis. Labau (of Le Boef) du Plessis was van Coetzerskloof, Somerset-Oos. Hy het onder Kommandant Pypers in Generaal Scheepers se kommando geveg. Hy is op 9 Mei 1901 gewond te Gannahoek in die omgewing van die Klein Visrivier. Die kommando het ontsnap en het hom saamgeneem op 'n perdekar, waarin

hy die nag in die sneeu, in groot pyn, moes deurbring. Nadat hy eventueel herstel het het hy 'n verkenner in Scheepers se Verkennerskorps geword. Op 7 Junie 1902 het hy die wapen neergelê.

18 April 2009

Elmien Spies het die tak toegesprek oor “Die goeie, die afskuwelike en die slegte.” Hiermee het sy toeligting gegee oor Slawe en genealogie.



9 Mei 2009

Hierdie takbyeenkoms was 'n uitstappie na Tygerberg Heuwels waar Gerry de Vries meer vertel het oor die Tygerberg seinkanon. Dit is gevolg deur 'n demonstrasie.



13 Junie 2009

Die vergadering is by die Goodwood Museum gehou en Johann Janse van Rensburg het meer vertel oor Google Earth en die begraafplaasprojek.



11 Julie 2009

Lois Harley het die tak toegesprek oor “British genealogy.”

9 Augustus 2009

Gerhard Geldenhuis spreek die tak toe oor die rol van genealogie in navorsing oor oorerflike siektes. Hy lê veral klem op sy navorsing oor Long QT-sindroom.

10 September 2009

Martiens van Bart, bekende skrywer van Die Burger lewer 'n praatjie getiteld: "Songs of the veld."



10 Oktober 2009

Taklede besoek die Welvanpas Wynlandgoed in die Bovlei, Wellington as gaste van Dan en Andrenette Retief. Die tema vir die middag is "Interresante Wellingtonse families.: Helene Lombard, wat op Welvanpas groot geword het, het meer vertel oor die Retief familie, Andrew Kok het meer vertel oor die Cillié familie van Rhebokskloof en Ockert Malan oor die Malans van Vondeling.



14 November 2009

Die ou "Wys en Vertel" maak weer sy buiging maar nou as "Bring and Brag." Taklede bring hul memorabilia en vertel meer daaroor.

By die geleentheid is die tak se verjaarsdag ook gevier.



